

BASIESE VRAE OOR

SONKRAG EN SONKRAGINSTALLERINGS

Die uiteindelijke besluit om 'n sonkragstelsel te installeer is vir baie mense reeds 'n groot stap. Buiten al die vrae oor finansies, watter stelsel om te installeer en watter produkte om te gebruik, is daar boonop ook die vraag oor watter installeerder mens moet gebruik.

Een van die eerste stappe wat voornemende sonkraggebruikers behoort te doen, is om 'n paar basiese vrae te vra en 'n bietjie meer kennis oor die onderwerp op te doen.




WIE MAG SONKRAGSTELSELS INSTALLEER?

Enige elektriese kontrakteur wat sonkragtegnologie installeer, moet ingevolge die elektriese-installeringeregulasies (EIR) geregistreer wees.

Dié elektriese kontrakteur moet óf 'n gelisensieerde elektrisiën wees, óf moet 'n gelisensieerde elektrisiën as 'n voltydse werker of as 'n kontrakteur hê.

Enige kontrakteur wat sonkragtegnologie installeer, moet jaarliks by die hoofinspekteur registreer.



NUWE SONKRAGINSTALLERINGS

Alle nuwe sonkraginstallering vereis die toesig en algemene beheer deur 'n installeringselektrisiën (IE) of 'n meesterinstalleringselektrisiën (MIE).

Enige installering behoort slegs deur 'n gekwalifiseerde en geregistreerde elektrisiën gedoen te word. Geen ander persoon behoort installering te doen tensy hulle dit doen onder die algemene toesig van 'n geregistreerde en gekwalifiseerde elektrisiën nie.

GROEN KAART-KWALIFIKASIE

Daar is verskeie organisasies wat sonkragtegnologie installeer. Dit is belangrik om te beseef dat enige kaart (soos die groen kaart) wat deur opleiers uitgereik word slegs bykomend van aard is en tot die verbreding van kennis oor sonkraginstallering bydra. Dit is in sigself nie 'n kwalifikasie wat die houer daarvan toelaat om wettige installering te doen nie; dit is egter baie nuttig vir gekwalifiseerde, geregistreerde elektrisiëns wat installasiewerk doen.

SERTIFIKAAT VAN VOLDOENING

Voordat enige wysiging aan bestaande of bykomende elektriese werk gedoen word, moet daar reeds 'n sertifikaat van voldoening (Engels: *certificate of compliance* of *COC*) vir die bestaande installering wees. Indien nie, moet dit eers uitgereik word (EIR).

Enige persoon wat elektriese installeringwerk onderneem, moet toesien dat 'n geldige sertifikaat van voldoening vir die werk uitgereik word. Slegs 'n IE of 'n MIE mag 'n sertifikaat van voldoening vir sonkraginstallering uitreik.

'n Gelisensieerde enkelfasetoetser mag nie met gelykstroom werk nie en mag daarom nie op gelykstroombestellings afteken nie, wat sonkraginstallering insluit. 'n Gelisensieerde enkelfasetoetser mag daarom ook nie 'n sertifikaat van voldoening vir sonkraginstallering uitreik nie.



VRAELYS VIR DIE VERBRUIKER

Begin by vraag 1 hier onder om te verseker dat jou sonkraginstallering sonder probleem verloop.

1. Is die installeerder 'n geregistreerde elektriese kontrakteur ingevolge die EIR?
Indien ja – vra vir 'n bewys.
Indien nee – rooi lig!
2. Het die elektriese kontrakteur sy jaarlikse registrasie by die hoofinspekteur gedoen?
Indien ja – vra vir 'n bewys.
Indien nee – rooi lig!
3. Is die elektriese kontrakteur 'n gelisensieerde IE of MIE?
Indien ja – vra vir 'n bewys.
Indien nee – 'n moontlike rooi lig!
4. As die elektriese kontrakteur nie 'n gelisensieerde IE of MIE is nie, het die kontrakteur 'n IE of MIE as voltydse werknemer in diens of as 'n kontrakteur?
Indien ja – vra vir 'n bewys van registrasie by die hoofinspekteur, asook bewys van die kwalifikasie.
Indien nee – moenie hierdie kontrakteur gebruik nie!
5. Het die elektriese kontrakteur 'n groen kaart as enigste kwalifikasie om sonkragstelsels te installeer?
Indien ja – rooi lig! Moenie hierdie kontrakteur gebruik nie.
6. Vra vir 'n lys van die laaste tien installerings met dié kliënte se kontakbesonderhede. Kontak elkeen en bevestig of hulle werk 100% reg is en of hulle tevrede is.
 7. Die beplande installering moet by die plaaslike owerheid aangemeld word (ingevolge die EIR) en jy moet 'n bewys daarvan ontvang.
 8. Moenie die kontrakteur ten volle betaal as jy nie heeltemal tevrede is nie of voordat jy die sertifikaat van voldoening ontvang het nie.
 9. Verhoog jou versekering om die stelsel te dek. Hiervoor het jy die kwotasie, faktuur en sertifikaat van voldoening nodig.
 10. Maak seker dat daar stuwingsbeskerming (Engels: *surge protectors*) geïnstalleer is, anders gaan jou versekering enige eise verwerp.
 11. Oorskakelingskakelaars (Engels: *changeover switches*) moet ook geïnstalleer wees, met alternatiewe krag.
 12. Die belangrikste twee aspekte vir enige elektriese installering is aarding en merking.
 13. Enkellyndiagramme, data-inligting, die datum van installering en die installeerder se kontakbesonderhede moet saam met die sertifikaat van voldoening ingehandig word.



